

Ek groet julle uit die pastorie met hierdie Woensdag 29 April 2020 kommunikasie

lewers lank terug het ek 'n filosoof se sober opmerking gelees dat by die mensdom slimmigheid vertoon word deur koppe hoog in die mis, terwyl wysheid se voete plat op die aarde geanker is. Die toepassing van kennis sonder wysheid is 'n resep vir moeilikheid. Albert Einstein is ook bekend vir sy lewens insig en het onder meer gesê die oplossing vir 'n probleem hoër gesoek moet word as waar dit ontstaan het. In vandag se nuusblaai word byvoorbeeld gestel dat die coronavirus soos 'n soeklig die krake in 'n gemeenskap uitwys. Leonard Cohen sing in een van sy liedjies van die nodigheid van krake want dit is al plek waar die lig kan inkom.

Die soeklig van ervaringe borrel ook oor. Vandag se koerant meld van gemeenskapswerkers wat praat van die Covid-20 virus wat dodeliker is as die Covid-19 een. Die Covid-20 impak het te make met die negatiewe gevolge van Covid-19 – dit veral i.t.v. ekonomiese ineenstorting, hongersnood en dies meer. In kommunikasie in ons plaaslike sosiale forums word heel tereg gemeld dat ons leiers met wysheid benodig, asook word die versmorende effek van inperking op besighede met die nodige pyn en emosie kommunikeer. Net siellose mense voel nie om saam te huil oor die omstandighede wat so onnodig blyk en tog ook soveel skade berokken nie.

Die nuusmedia is ook vol van die neiging om die Coronavirus as 'n aksie van God te verklaar – 'n straf vir die mensdom omdat alles en ook die natuur so deur mens en ekonomie verniel word. As dit dan nie 'n aksie van God is nie, is dit in elk geval 'n reaksie van die natuur in soeke na balans meen vele diep denkendes. Duidelik het ons nou die wyse gebruik van kennis nodig en dit vra perspektief. Dat die Skepper van hemel en aarde nié pandemies veroorsaak nié, kan met gemoedsrus as 'n gegewe aanvaar word. Dat die natuur sy eie siklusse het, is ook 'n gegewe – so vertel Die Burger van 50 jaar terug van die vreeslike droogte in die Oudtshoorn distrik met groot waterskaarste, soos dit ook 100 jaar terug ervaar was. Dat traumas en uitdagings nie net afbrekend is nie, maar ook soos 'n soeklig ons help om deur die krake van die werklikheid nuut en wyser te dink, is ook 'n gegewe. Dit is algemeen kennis dat mense in krisis neig om alles wat verkeerd is te beklemtoon – die rede natuurlik die oorheersing van onsekerheid en vreesagtigheid. Daar is sekerlik ook ander perspektiewe nodig en dit sou waarskynlik meer tot hulp wees.

Toe die Israëliete ook 'n koning wou aanwys soos al die ander nasies rondom hulle, het die profeet gewaarsku dat koningskap vele nadele saamdra. Dit het hulle mettertyd uitgevind nes ons vandag ook weet vanuit 'n kapitalistiese demografie. Voor die Israëliete vir Saul gekies het as koning, was elke dorpie self verantwoordelik vir alle besluite – dit word deesdae lokalisme en wyer federalisme genoem. Die moderne lewe speel egter af in globalisme en dit is klaarblyklik nie onkeerbaar nie en so weens die impak van digitaliteit.

Wat nodig is, soos Einstein gesê het, is om die oplossing hoër en wyer te soek as op die vlak waar dit ontstaan en uitspeel. Daarvoor het ons leiers nodig – leiers met wysheid. Hoewel God nie pandemies loslaat nie, vermoed ek dat sulke uitdagings benut kan word om die werklikheid waarin ons leef en dink te verfris en te verbeter. Ons kan nie voortgaan met 'n werklikheid waar sinloosheid soos werkloosheid en hongersnood hoogty vier nie. Konings kan baie praat en veel kennis aanbied, maar die wysheid wat nodig is om God se koninkryk te vestig ontspring veel meer plaaslik.

Covid-19 moet nog Calitzdorp tref, maar Covid-20 het waarskynlik reeds sy saadjies gesaai. Oplossings en 'n beter nuwe werklikheid lê in ons eie hande – ons kan nie net op konings vertrou nie. Daarom moet

leiers in Calitzdorp opstaan – so in die landbou-gemeenskap, maar ook só in Bergsig en orals elders. Wat ons wel van seker kan wees, is dat God ons Vader aan ons, sy kinders, se kant is – en dit is die blye evangelie wat Christus met sy voete plat op die aarde verkondig het. Dit is die lig wat ons huidige donker wolke omring, die lig wat ons moet benut. Beslis sal die donker wolk van covid-19 en 20 een of ander tyd verbybeweeg, maar die Lig kan ons maak bly.